

Kaapstad, 11 Mei 1974

Deel 48 No. 22 Volume 48

Cape Town, 11 May 1974

VAN DIE REDAKSIE

EDITORIAL

Presidentsredes

Aangesien ons in die Engelse inleidingsartikel in hierdie uitgawe skryf oor hersieningsartikels, is dit 'n goeie geleentheid om ook die een en ander te sê oor presidentsredes wat publikasie in die *Tydskrif* betref. Oorspronklik was dit 'n aanvaarde reël dat sulke manuskripte feitlik outomatiese aanvaarding en ook voorkeur by die *Tydskrifkantoor* geniet. Gedurende die vroeë bestaansjare van die Mediese Vereniging was hierdie bydraes 'n belangrike integrerende faktor wat die lede van die Vereniging saamgesnoer het. Dit is natuurlik nog in 'n groot mate die geval, maar ongelukkig het daar nou ander faktore bygekom wat die outomatiese publikasie van al die presidentsredes bemoeilik.

Daar is 18 takke van die Vereniging en elkeen kies jaarliks 'n President. Daarbenewens het ons jaarliks 'n President van die gehele Mediese Vereniging van Suid-Afrika, wat ook tradisioneel 'n intreerede lewer. Hoewel dit nie binne die bestek van die Vereniging as sulks val nie, moet die Presidentsrede van die President van die Geneeskundige en Tandheelkundige Raad nie buite rekening gelaat word nie, aangesien dit dikwels gebruik word as platform vir aankondigings wat vir die twee betrokke beroepe in die geheel van groot belang mag wees. Hierdie redes word twee keer per jaar met aanvang van sittings van die Raad gelewer. Dit laat ons dus met 'n totaal van 21 presidentsredes wat jaarliks vir publikasie oorweeg moet word.

Daar verskyn 52 normale uitgawes van die *Tydskrif* jaarliks. Met ander woorde, indien al die genoemde redes wel vir publikasie aanvaar sou word, sou dit beteken dat daar omtrent al om die ander

week een moet verskyn. Die lengte van sulke bydraes varieer aansienlik, na gelang van hoeveel tyd die organiseerders van enige spesifieke byeenkoms die spreker toegelaat het. Daarbenewens moet ons ongelukkig die feit in die oë staar dat ook onder die geledere van die mediese beroep daar diegene is wat neig om bietjie langdradig te wees.

Die blote feit dat iemand uit hoofde van die belangrike werk wat hy oor 'n periode van jare vir die Mediese Vereniging gedoen het, tot President gekies word, maak hom nog nie noodwendig 'n goeie spreker nie. Trouens, dit is juis dikwels die geval dat dit die lede is wat stilweg hard werk aan Verenigingsake, wat nie welsprekend is nie en persoonlik sou verkieks het om nooit op enige publieke platform te verskyn nie. Ander weer het, weens hul besondere ervaring, 'n belangrike boodskap om oor te dra en ons moet hulle nie die geleentheid ontsê om hul gedagtes ook in die *Tydskrif* te laat verskyn nie. Daar is egter ook 'n verdere probleem by die saak betrokke. Dit gebeur van tyd tot tyd dat Eresekretaris van takke Presidentsredes aan die redaksionele kantoor stuur met 'n dekkende brief wat beklemtoon hoe geesdriftig die besondere voordrag deur die gehoor van die betrokke aand ontvang is. Nogtans blyk die manuskrip met die deurlees maar saai te wees. Wat die Eresekretaris uit die oog verloor het, is die persoonlikheid van die spreker wat nie saam gepubliseer kan word nie.

Oor die algemeen moet ons dus die redaksionele reël neerlê dat sulke presidentsredes gepubliseer sal word waar moontlik, maar dat algemene, outomatiiese aanvaarding nie gewaarborg kan word nie.

Review Articles

Although articles reporting new research are the mainstay of a general scientific journal such as ours, it is important not to lose sight of the value of review articles. These serve a dual purpose. On the one hand, they provide the average reader, particularly the general practitioner, with an opportunity to keep abreast of new developments and to refresh his or her knowledge of any given subject. In this respect they are the written equivalents of refresher study courses. On the other hand, they help even the most academically minded to stand back from time to time and take stock of where we are going and what we have gathered in terms of knowledge.

To write an acceptable review article that will be of value to both the above-mentioned groups, is no easy matter, and certain essential requirements must be borne in mind. The commonest mistake is to try to be too comprehensive, especially as far as background historical development is concerned. When writing about the present status of our understanding of diabetes, for instance, it may be worth while to mention the original work of Banting and Best in passing; but a complete dissertation on their findings, and the subsequent slow, and often painful, progress to understanding this complex disease, will merely bore the reader and will serve no useful purpose. A review article of this nature must not be confused with a historical documentation. What is needed is a concise, understandable analysis of the present state of knowledge, without unnecessary, highly intricate detail, but at the same time not

underestimating the sophistication of the general reader.

The second mistake that is frequently made is an overindulgence in literature references. It is a very prevalent failing in all medical articles today, for there is a tendency to substitute literature references for erudition. It is quite erroneous to think that the long list of references at the end of a review article will turn it into a useful contribution, and that such a list is a *sine qua non* for this *genre* of medical literature. It is highly unlikely that the vast majority of readers will either take the trouble to look up the various articles referred to, or have the facilities available to do so if they wish to control the citations. In other words, references should be given so that the readers can augment certain areas of knowledge without the author of the review article having to go into too much detail which may render his contribution too long and tedious to read. A reference should not be given merely to prove that the author is not lying—nobody is doubting his *bona fides*.

Who should write these review contributions? By and large they should emanate from the various teaching institutions and we should like to appeal to those who are daily occupied with academic teaching to help us in this respect. Too many such reviews will eventually lower the research status of a journal, but too few will render unreadably dull the highly esoteric journal that contains only new research reports. It is only with the help of our academic institutions that we can ensure a balanced, informative and readable publication.
